

HOPE MINISTRIES – ZIMBABWE



Dominee Jaco de Bruyn, PO Box 122, Marondera.
Foon en faks 00263-79-23817
E-pos: lite1277@gmail.com

NUUSBRIEF

JANUARIE 2017

Liewe vriende,

Januarie 2017 het baie nat vir Zimbabwe begin. Ek het Marondera nog nie so nat beleef nie. Slegs die 4de en 5de Januarie het ons nie reën gehad nie. Verder was daar 'n bui reën elke 36-uur periode. Ons het nog geen wolklose dag gehad sedert die begin van November 2016 nie. Die weer webbladsye voorspel dat die patroon moontlik eers in April sal verander. Voorwaar geskiedenis-makende dae.

Die nat weer het ongelukkig gevaarlike slaggate en slote in Marondera se paaie veroorsaak. 'n Mens kan nie vinniger as 20 km/u ry nie want elke plassie water op die oppervlak moet met groot versigtigheid benader word en, indien moontlik, vermy word. 'n Mens het geen idee hoe groot die gat is wat daaronder skuil nie.



Die geluk by die ongeluk is dat die toestand dit ook vir Marondera se verkeerspolisie moeilik maak om te beweeg, aangesien hulle van 'n motorfiets gebruik moet maak. Die spanning tussen die polisie en die motoriste van Zimbabwe loop steeds hoog. Die polisie se woordvoerder het die week die vermetelheid gehad om aan 'n koerant te sê dat hulle rekening met USD 59-miljoen aan verkeersboetes versterk is.

Dit is steeds geen plesier om op die pad te gaan nie. Op sommige roetes is padblokkades minder as twee kilometer van mekaar af. Ek ry al met 'n afskrif van die Padverkeerswet in Witness rond sodat ek seker kan maak dat die oortreding waarvan ek beskuldig word, wel in die wet voorkom en dat die boete wat geëis word, wel korrek is.

Ek moet egter dadelik bysê dat die ongelukkige houding van "fout soek sodat 'n boete betaal moet word"-slegs by 'n klein minderheid voorkom. Dikwels is die polisieman by die padblokkade net so ongelukkig soos die motoris. Daar is dikwels getuieis van polisiemanne wat hulpvaardig en vriendelik teenoor motoriste optree.

Op die foto regs sit ek baie ure en werk wanneer 'n boodskap voorberei, inligting gesoek of vir mense oor die internet geskryf word.

Die kontantkrisis in die land is besig om te eskaleer. Alhoewel die toue by die banke korter geword het soos wat meer "bond notes" in omloop gekom het, begin invoerders al meer kla dat hulle nie langer produkte die land kan inbring nie, want hulle beskik nie meer oor regte geld wat in die buiteland aanvaar word nie. Tekorte begin oral opduik: brandstof vir die publiek, plofstof vir die myne, chemikalieë vir die landbou, medikasie by apteke, ens.



Die kontanttekort het vir my die gevolg dat ek maandeliks Harare toe moet ry en daar oorslaap sodat ek genoeg tyd het om my geldjie in paaiemente by verskillende banke te onttrek. Mens loop letterlik van een tou by die een bank tot by 'n tou by 'n ander bank om elke keer net 'n gedeelte te kan onttrek, aangesien die onttrekkingsperk per dag, per rekening, beperk is. Weereens is daar 'n gelukkie by die ongeluk: omdat my ondersteuning uit die buiteland kom, is ek geregtig op 'n "export incentive" van vyf persent.

Die afgelope feestyd het vir my baie stil verloop. Daar was net nie geld beskikbaar om na die kinders en kleinkinders toe te gaan nie. Nogtans kon ek die tyd goed gebruik om 'n paar werkies af te handel. Dis nou goete vir ander soos om 'n eetkamertafel te herstel, 'n staander te sweis, 'n ketel te herstel en vir myself die drukpomp weer aan die werk te kry. Alles help om die pot aan die kook te hou.

Hierdie jaar het ek die geleentheid om die Sondagskoolklas by die NG Kerk aan te bied.

Die uitdaging lê in die verskillende ouderdomme van die kinders en om die les so aan te bied dat dit verstaanbaar is vir almal.



Die foto links is van Brigette Botha. 'n Pragtige volwasse dogter van twaalf jaar wat my Sondagskoolklas bywoon. Sy en haar ouer broer word deur hul grootouers grootgemaak. Hulle het hulle ouers in twee afsonderlike, maar baie tragiese, gebeurtenisse verloor. Die grootouers kon daarin geslaag om hulle deur primêre skool te ondersteun, maar nou is hulle fondse gedaan.

Deur die pogings van die Marondera-gemeenskap is 'n borg vir die broer, Gavin, se skoolgeld gevind, maar Brigette gaan tans nie skool nie.

Indien die Here haar op jou hart lê, kontak my asseblief vir meer inligting.

DIT IS BAIE MOEILIK OM PROJEKTE TE BEPLAN VIR 2017.

Die opvolgingstryd word al feller en nou kom die verkiesingstryd ook nog by, terwyl die ekonomie steeds krimp. Dit is hartseer om te sien hoeveel besighede in die industriële gebied nie heropen het nie. Verder is my eie ondersteuning nie voldoende om voltyds in projekte betrokke te raak nie. Ek is genoodsaak om al hoe meer tyd te spandeer om geld te maak, ten einde myself te onderhou.

Die hoenderboerdery wat ek saam met my skoonseun aan die gang probeer hou, het 'n slegte knou gekry met die huidige nat en koue weer. Ek het gehoop dit sou die befondsing verskaf om met die visboerdery te begin. **Vir die onmiddellike beplan ek dus ongelukkig geen uitreike of werk wat nuwe uitgawes benodig nie. Indien jy voorstelle het, of belangstel om 'n projek te befonds, kontak my asseblief sodat ons koppe bymekaar kan sit.**

Die gemeentetjie se leiers is steeds versprei soos hulle tydelike werk oral probeer doen om die pot aan die kook te hou. Nogtans kon ek hulle oor die feesseisoen ontmoet om te hoor hoe dit gaan en hulle moed inpraat. Soos met talle ander goed in Zimbabwe is dit tans bloot vasbyt en van dag tot dag lewe.

Bid asb. saam met my vir:

- 1) Geestelike krag en uithouvermoë. Dit is baie uitputtend om mense moed in te praat terwyl mens self in die omstandighede verkeer en met dieselfde vrae worstel. Bid ook asseblief dat my inkomste sal verbeter, sodat ek met meer vrug vir die Here kan werk in Zimbabwe.
- 2) Brigette, dat die Here spoedig mense met fondse sal voorsien sodat sy kan skool toe gaan.
- 3) Die kinders in die Sondagskool – dat hulle die Here Jesus sal ontmoet.
- 4) My om 'n waardige rolmodel te wees.
- 5) Zimbabwe en sy mense wat deur hierdie onsekere en moeilike tye moet gaan – dat die Here veral deur Sy kinders hoop, visie en leiding sal gee.
- 6) Ons skoolkinders wat soveel minder geleenthede het weens die situasie in die land, en
- 7) Die onderwysers, dat hulle pligsgetrou en professioneel sal optree t.o.v. hulle beroep. Omdat hulle op die platteland die beste kan lees en skryf en groot invloed het, is hulle voorkeurteikens vir politieke intimidasie.

Baie dankie dat jy gelees het, vir jou ondersteuning en voorbidding. Daarsonder kan ek nie voortgaan met die Here se werk in Zimbabwe nie.

Ds Jaco de Bruyn.

Bankbesonderhede: Jaco de Bruyn, Standard Bank, Woodbridge Square, Takkode: 012442, Reknr. 626-752-159. (Skryf asseblief u kontakbesonderhede op die inbetaling vir verwysing.)

Stuurselkontakpersone: Francois Conradie (Voorsitter) 082 447 6485, e-pos: thusang@mweb.co.za; Hetta Kotze (Nuusbrief) 072 684 9585, e-pos: hobbit@telkomsa.net.